



South African Wood Preservers Association

NRCS Heffings Betaalbaar vir Periode 25A

Lede word daaraan herinner dat die 31ste Julie 2025 die sper datum is waarteen indiening van produksie syfers en betaling van NRCS heffings vir periode 25A (i.e. 1 Januarie tot 30 Junie 2025) gedoen moet wees. Neem asb. kennis dat die heffings van R1.26/m³ steeds van toepassing is en dat die nuwe Tipe 5 heffing van R1.32 gepubliseer op 30 Mei, eers betaalbaar sal wees vir periode 25B wat van 1 Julie- 31 Desember 2025 strek.

Daar word aanbeveel dat u die verklaring vir 25A aanlyn sal doen op die NRCS se webtuiste <https://www.nrccs.org.za/>. Indien daar egter probleme ondervind word met die stelsel kan die indiening steeds op die ou manier gedoen word. 'n Generiese 25A verklaringsvorm is beskikbaar op die SAWPA webtuiste by <https://sawpa.co.za/industry-information/>, onder die seksie wat NRCS inligting en vorms bevat. Indien u die generiese 25A vorm gebruik is dit belangrik om u toegewysde HEF en kliënte nommer in te vul ten einde korrekte toewysing te verseker.

Plaagbeheerbeampte Registrasies

Tot dusver is 82% van SAWPA lede se PCO aansoeke ingedien by die departement. SAWPA is ook op 1 Julie telefonies ingelig, deur die Registrateur van Wet 36 van 1947, dat al die aansoeke wat tot op datum vir Houtverduursaming ingedien is, goedgekeur is.

Vir die 18% SAWPA lede wie se aansoeke nog nie ingedien is nie, bly ons deurentyd is aanraking met lede om die proses af te handel. In die meeste gevalle is die oponthoud a.g.v. sertifisering-sertifikate wat verval het of NRCS LOA's wat herdruk of gewysig moet word. Dit bly van kritieke belang dat alle uitstaande PCO aansoeke so gou as moontlik afgehandel moet word. Indien daar nie 'n goeie en geldige rede is waarom dit nog nie gedoen is nie kan dit lei tot nie-verskaffing van houtverduursamingsmiddels wat beperk is vir gebruik deur plaagbeheerbeamptes alleenlik.

Neem kennis dat alhoewel dit voorheen aanvaar was dat die beperking van verskaffing slegs op KCA van toepassing is, dui die nuutste informasie daarop dat die Registrateur dieselfde beperking geplaas het op alle produkte wat as "substances of concern" geklassifiseer is. Daarom sal die beperking ook van toepassing wees op Kreosoot-, Koper-Azool-, Boraat-, en Azool & permetrien gebaseerde verduursamingsmiddels.

Aansoek vir Afwykings vir "Substances of Concern"

Ongelukkig is die proses vir aansoek vir afwykings nog nie gefinaliseer teen 30 Junie nie. Die oponthoud is totaal a.g.v. die Departement van Landbou wat nog nie hulle verpligtinge na gekom het nie. Vanselfsprekend het dit gelei tot 'n spanningsvolle en moeilike situasie vir ons bedryf, aangesien die wetlike lewering van alle "substances of concern", waarvoor daar aansoek vir afwyking en hernuwing van registrasies gedoen moet wees, nie afgehandel is nie. Met die gevolg dat die verskaffers/Registrasiehouers van chemikalieë in 'n baie moeilike posisie geplaas is. 'n Laat telefoniese kennisgewing op die 1ste Julie deur die Registrateur aan SAWPA het egter kennis gegee dat die Registrateur in die proses is om goedkeuring en uitreiking van afwykings vir houtverduursamingsmiddels af te handel. Daar is wel veranderinge wat aan die

etikette van produkte aangebring moet word, maar die departement sal met elke Registrasiehouers van chemikalieë direk daaroor skakel.

Die uitkoms is egter positief vir die houtverduursamingsbedryf aangesien die verskaffing van geaffekteerde produkte kan voortgaan. Gemeet teen die probleme waarmee ander sektore nog moet spook om hul afwykings goedgekeur te kry ten einde hul landboumiddels te bekom en te gebruik, kan die houtverduursamingsbedryf trots wees op die feit dat ons 'n goeie voorbeeld kan wees vir die res.

Vogmeter Verifikasietoestel

By die streekvergaderings in Maart het ons genoem verifikasietoestelle aan alle lede-aanlegte gelewer sal word, waarmee die aanlegte dan hulle eie vogmeters se akkuraatheid kon bepaal. Die toestel het vyf verskillende weerstandvlakke wat gelyk is aan houtvoggehaltes van 12%, 14,5%, 18%, 20% en 29% ($\pm$ veselversadigingspunt). Die weerstandvlakke maak dus voorsiening vir saagmeulens wat hout tot laer vlakke moet droog, maar ook vir paalaanlegte wat pale tot maksimum veselversadigingspunt of laer moet droog alvorens die hout behandel kan word. Ons lig lede graag in dat die aanskaffing van die "VeriMoist" toestelle afgehandel is, en dat die verspreiding daarvan binnekort sal begin. Die aanvanklike uitdeling sal waarskynlik by die Augustus/September streekvergaderings plaasvind, en daarna met behulp van koerierdienste.

IRG56 Vergadering gehou in Japan



Die 56^{ste} vergadering van die "International Research Group on Wood Protection" was van 22 tot 26 Junie in Yokohama, Japan gehou. Die jaar se byeenkoms is bygewoon deur 213 persone vanaf 28 verskillende lande en 98 referate en 35 plakkate is aangebied. Die aanbiedinge is gekategoriseer onder die volgende seksies en toepaslike werksessies:

- Section 1 Biology: *WP 1.1 Microorganisms, WP 1.2 Insects & Marine borers, WP 1.3 Natural durability, WP 1.4 Microbial test methodology*
- Section 2. Wood Protection: *WP 2.1 Wood preservatives, WP 2.2 Fire retardants, WP 2.3 Other protecting chemicals, WP 2.4 Treatability of wood & quality control of processes & materials, WP 2.5 Wood protection by design & new concepts*
- Section 3. Wood Modification: *WP 3.1 Thermal modification, WP 3.2 Chemical modification, WP 3.4 Surface modification*
- Section 4. Application & performance: *WP 4.1 Laboratory & field performance, WP 4.2 Service life, WP 4.3 Wood-based composites, WP 4.4 Analysis and standards*
- Section 5. Sustainability & Environment: *WP 5.3 Environmental impact, Health & safety aspects, WP 5.4 Circular economy in wood products*

Special Session 1. Circular Economy in Wood preservation

Special session 2. Novel technologies in wood protection and modification

Die volgende is slegs enkele van die baie interessante aanbiedings wat gelewer is:

- 25-11070: Detecting wood-decay fungi in walls: a non-destructive approach with an electronic nose
- 25-50401: Recycling wood treated with copper-based preservatives to produce hard carbon materials for energy storage applications
- 25-20747: Hot and cold treatment with ACQ
- 25-20748: Wood phytosanitation: which standard should be applied?
- 25-50409: Timber reuse and circularity: Insights from Norway's SirkTre and CircWood initiatives
- 25-20743: CIOL Wood – Scientific innovations in wood modification for enhanced performance and usage
- 25-11061: Microbial symbionts in the shipworm gut: a new finding resolving a century old mystery explaining how shipworms digest lignin
- 25-30815: Decay resistance of thermally modified Eucalyptus grandis in closed and open systems
- 25-20735: Mitigating the risk of decay in CLT buildings affected by trapped construction moisture using a diffusible borate preservative
- 25-39820 CIOL Wood – Industrialization of sustainable wood products: Progress and prospects

Aangeheg is 'n volledige lys van referate wat aangebied is. Lede wat belangstel om enige van die referate te bekom kan ons kontak by admin@sawpa.co.za

Groete

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbriëf gemaak word nie.